# KOERSVAS

Jaargang 11 Uitgawe 208
18 November 2022

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto


**In hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Berigte**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

### Wie het seergekry?

Tydens die pas afgelope 73e AKV van die NHKA was daar na aanleiding van die Koersvas Blitsberig uitgebreide gesprek oor die skeiding van weë in die tydperk 2010 tot 2014. Veel gewag is gemaak van die seer en hartseer wat die ampsdraers van die NHKA ervaar het. Die beskrywingspunt wat aanvaar is, verwys ook na *"die pyn, hartseer en verdeeldheid wat veroorsaak is deur die kerkskeuring"*. Die steedsHervormers is uitgemaak as die sondebokke wat met breë en roekelose trekker-bande oor die hartsnare van die NHKA ampsdraers gejaag het. In die deel van hul hartseer het daar dan sogenaamd ‘n stuk genesing plaasgevind.

Dit is inderdaad so dat daar groot hartseer was onder die NHKA geledere. Die vraag is net of hierdie hartseer deur net een groep binne die kerk ervaar is. So asof mense wat later as steedsHervormers bekend gestaan het en alle ander behoudendes gevoelloos is; of alternatiewelik dat dit net die steedsHervormers is wat pyn uitgedeel het. Kom ons ondersoek ‘n bietjie die verlede vanuit die "slagoffer" perspektief. Al weier ons om onsself as slagoffers te sien, blyk dit die narratief te wees wat die "hartseer slagoffers in beheer" aangryp.

Laat ons die ander kant van die saak bekyk: Ons eerste groot hartseer is ons moederkerk se onvermoë om erns te maak met enige wekroep; dat hul eerder praat van die "*beskuldiging van dwaalleer en die staat van belydenis*". Die Staat van Belydenis (SvB) het inhoudelik baie wyer gegaan as bloot die kritiek op aanvaarding van beskrywingspunt 54 van die 69e (54/69) AKV. Dit was met groot bekommernis dat kennis geneem is van die groei van die teologiese dwalinge wat veld in die NHKA gewen het, met die gevolg dat dit groot skade sou kon berokken aan die kerk. Meer as die kerk se reputasie is op die spel, lidmate se ewigheidsbestaan is op die spel.

Die SvB het <u>net sewe sake</u> genoem wat moes dien as **wekroep** vir die lidmate en ampsdraers om ag te slaan op die gevaarlike pad wat die NHKA teologies begin volg het. Dit was in **solidariteit**, en nie in verkneukeling van genot oor dwaling en skade nie, dat die moeilike **wekroep** geuiter is. Dit nadat daar geen ag op enige pogings tot gesprek geslaan is nie. Net verguising het gevolg soos ook op elke vorige poging tot gesprek. Die Beswaarskrif was 'n eerste wekroep, dolering 'n volgende, talle pogings tot gesprek is ignoreer. Daar was toe ook nie op die wekroep ag geslaan nie, ‘n oppervlakkige wegvee van die SvB was skynbaar genoegsaam vir die mense wat hulself in beheer geplaas het, hierdie

aksie is ook net so klakkeloos en sonder protes deur ander aanvaar. Is daar enigsins ag geslaan op die talryke waarskuwings? Is alle predikante ingelig oor die ware stand van sake? Of het dominees hulle gemeentes in die duister gehou en telkens gepaai met die versekering dat "hier by ons het niks verander nie"?

Uit die Hervormer (die NHKA) se amptelike spreekbuis, die volgende: "*Gegewe die groot vordering in die teologiese wetenskap en Bybelwetenskap behoort die kerk, in die voetspoor van Paulus, nie te huiwer nie om geloofsbelydenisse en liedere te verander of aan te pas. So het Gert Pelser gemeen. Aspekte wat vandag nie meer net so gehandhaaf kan word nie, is onder andere: die Triniteit, die maagdelike verwekking, ..."* en ook "*Wat dieselfde-geslag-verhoudings betref, het Gert Pelser gemeen dat Paulus se uitsprake oor liefde en medemenslikheid deurslaggewend behoort te wees. Gelowiges behoort tog regtig nie 'n probleem te hê met medemense wie se gesindheid en lewenspraktyk ooreenstem met wat Jesus voorgeleef en uitgeleef het nie*."

Wat het met die geleerde gebeur wat hierdie uitsprake gemaak het? Daar is huldeblyke oor hom geskryf. Wat het met die geleerde gebeur wat die huldeblyk geskryf het en met instemming die stellings gemaak het. Hy word as voorbeeld van geleerde gelowige voorgehou en beskerm. Geen klag van dwaling nie, geen opstaan vir die Evangelie in ons moederkerk nie! Indien daar met 'n aks van die dissiplinêre ywer aandag aan hierdie 'geleerdes' gegee is wat daar aan steedsHervormers lidmate gegee is, sou die situasie dalk heel anders uitgespeel het.

Hoe durf predikante aandring op "*geen dwaling in die NHKA*" terwyl hierdie duidelike dwaling gekoester, beskerm en voorgestoot word.

Dit maak seer om te hoor hoe die Godheid van Jesus sonder ernstige gevolge bevraagteken kan word. Hoe kan jy sê "*hier by ons het niks verander nie*" (en dit in die kerk!) , terwyl jy maandeliks die heffings (nou met die suiker-lagie van die naam sinodale offergawes) betaal? Geld wat gebruik word om die fakulteit en dosente te onderhou. Letterlik miljoene word jaarliks aan dosente spandeer, en hulle aanbid op verhoë saam met Moslems sonder enige gevolge. In ons ywer vir die Here maak dit seer om dit te hoor.

Die tweede seer is die konstante beskuldiging van "skeurmakers". So al asof die keuse met *male fide* opset gemaak is. Die steedsHervormers moes noodgedwonge opstaan vir die suiwer en waar Evangelie. Die SvB verdedig die waarheid van die Evangelie! Die feit dat die steedsHervormers vervolg en telkens verneder is, die feit dat daar by meer as een geleentheid gesê is ons moet loop (is dit werklik hoe gelowiges in liefde hul mede-gelowiges hanteer?), die feit dat ons wys gemaak is dat ons deur dolering onsself buite die kerk geplaas het, die feit dat die steedsHervormers as afgevaardigdes by die 70e AKV letterlik weggejaag is, maak seer en bring die vraag na vore oor wie het dan eintlik kerk geskeur.

Dan is daar die aanvalle en pogings tot vernedering en seermaak op persoonlike vlak. Daar is soveel verhale wat vertel moet word, soveel van die insidente wat nog nie eens onder mekaar gedeel is nie, wat nog te sê na buite vertel is.

- Soos die ampsdraers wat in persoon uit die 70e AKV gejaag is.

- Soos 'n predikant wat so vervolg en gedreig is dat hy homself gedwonge gevoel het om die hof te nader om beskerming van sy werk te verseker.

- Soos al die predikante wat skielik as meneer en mevrou aangespreek is. So al asof die amp goedsmoeds deur die kommissie opgehef kan word, so al asof dit nie juis in die gemeente is waar die titel dominee sy bestaansreg vind nie.

- Soos die predikante van wie daar vreeslike stories versprei is om hulle te verneder en seer te maak.

- Soos die predikante wat met opheffing van die amp gedreig is indien hulle gemeentes nie onmiddellik 54/69 aanvaar en hul gemeentes se eiendomme oorgee aan die NHKA nie.

- Soos die predikantsvrou wat as nasionale vise-voorsitter weggejaag is omdat sy die steedsHervormers openlik gesteun en bevorder het.

- Soos die lidmate wie se invloedryke NHKA ampsdraers hulle verneder en uitrangeer het.

Die voorbeelde stapel op. Dit is moeilik om beginselvas te bly lewe, veral wanneer jou vriende en kollegas, jou familie en staatmakers jou begin verguis. Ons dra die seer en vind troos en genesing by die suiwer Evangelie wat ons hoor en verkondig. Almal het seergekry, ons moet dit erken. Ons sou dalk hier en daar iets anders kon gestel het. Ons sou steeds net nie van die beginsels kon afwyk nie. Diegene wat bereid was om te kompromitteer sou dan noodgedwonge seer kry. Daarvoor kan ons nie verskoning vra nie.

Ons is jammer dat die Staat van Belydenis steeds soveel seer veroorsaak. Die SvB spreek die waarheid. Die waarheid maak seer. Die manier om hierdie pyn te verwyder, is nie om ons te dwing om die wekroep terug te trek nie. **Spreek die dwalinge aan**, keer terug na die regte pad en die SvB sal noodgedwonge in die niet verdwyn.

Buitendien is dit hoog tyd dat die NHKA se leiers ook introspeksie doen en besef hulle het lustig uitgedeel aan die dorings in die vlees wat ons as GHG steeds teister.

Dr Johan Otto, Premiermyn Hervormde Kerk.

## BERIGTE

### LITIGASIE

Die NHKA het besluit om wel aansoek te doen om verlof tot appél by die Appélhof in Bloemfontein. Hulle het tegelyk aansoek gedoen om kondonasie (toestemming) vir die laat (5 maande laat) indien van die aansoek. Sogenaamde klein gemeentes het ook aansoek gedoen om by die aansoek gevoeg te word.
Die GHG gemeentes gaan die aansoek teenstaan. So gaan ons ook die aansoeke van klein gemeentes (restante vir eiendoms-doeleindes op die boeke gehou) teenstaan. Hulle (boek-

gemeentes) kan by die Teeneis gevoeg word. Die uitspraak het niks met hulle te make nie.
Dit is net verstommend dat die Kommissie en Litigasiekomitee tien jaar na die skeiding van weë weer onmin en onrus in plaaslike gemeenskappe wil aanvuur.
Gemeentes en lidmate word vriendelik versoek om **weer by te dra tot die regsfonds.** By voorbaat dank.

## KENNISGEWINGS

### LEWENSBROOD 2023

Vorderingsverslag: Baie dankie aan al die gemeentes vir die bestellings en nou vir julle geduld.
Lewensbrood 20233/24 is klaar gedruk en is nou by die binders. Ons gaan nog so drie-vier weke wag vir die eksemplare om gedruk te word. Die wag is die moeite werd; aangesien dit goed gebind word soos gesien uit vorige jare se ondervinding. Lewensbrood sal ruim voor Kersfees versend word.

### DRUKWERK

*Paul en Ella help graag met:*
*Kalenders*
*Kwitansieboeke*
*Offergawe boeke*
*Dames Kwitansieboeke*
*Konsistorie boeke*
*Reklame plakkate en ander drukwerk*
*ella@teamworkprinters.com*